Untitled Document

Angie Kleijn

Voortrekkers, Boeregeneraals, bekende dominees en selfs presidente was in die vormingsjare van Pret

Die vrymesselaars sê dat hulle nie ‘n geheime organisasie is nie, maar ‘n organisasie met geheime HP van der Post, SPE Trichardt, Piet Visser, JH Olivier en George Band vrymesselaars was?

Vrystaatse en ZAR-presidente wat vrymesselaars was, sluit in, presidente MW Pretorius, Jan Bran FW Reitz en Francois Burgers; die waarnemende Vrystaatse president PJ Blignaut en waarneme

Só sê dr Jan van der Merwe in sy artikels, ‘Vrymesselary voor die aanvang van die Suid-Afrikaans

Volgens Jan se navorsing was die volgende Afrikaanse taalvaders ook vrymesselaars: CJ Langen

Suid-Afrika se eerste staatspresident ná republiekwording, Blackie Swart, was ‘n vrymesselaar en

Die lys van bekende Afrikaners wat by die vrymesselary betrokke was, is te lank om hier te noem.

Drie vrymesselaar NG dominees: president Thomas Francois Burgers, David Pieter Faure en JJ K
Foto: www.boervolk.com

Vrymesselaars

Volgens Jan van der Merwe is die vrymesselaars 'n wêreldwye humanitêre organisasie. Hulle bel

Jy kan net 'n lid word as jy uitgenooi word en ná afloop van 'n inlywingsproses. Slegs 'n bestaand

Om as 'n kandidaat te kwalifiseer, moet jy: in 'n Opperwese glo; uit vrye keuse aansluit; minstens

Volgens Jan kan net mans vrymesselaars word, maar ander bronne sê daar is glo twee vrymessel

Vrymesselaars kom as 'n losie bymekaar en die lede word as die losie beskou. Die private aspek

Die vraag is hoe die vrymesselaarsbeleid waarvolgens 'n lid se eerste lojaliteit aan ander vrymess

Thomas François Burgers was die vierde ZAR-president van 1872 tot 1877
Foto: Wikipedia

Begin

Dit blyk dat vrymesselary, wat ten tye van die oorlog reeds bykans 130 jaar in die land was, toe g

Die Nederlandse skeepskaptein, Abraham van der Weijde, het die aanvoorwerk gedoen vir die eer

Die eerste Britse anneksasie van die Kaap was in 1795. Op 28 Januarie 1798 het ’n Britse militêre

Die eerste volwaardige Engelse losie, The British Lodge, is eers in 1811, ná die tweede Britse ann

In 1828 was daar drie Engelse losies in die Kaap en nog een, die Albany Lodge, is in Grahamstad

Pieter Jeremias Blignaut was 'n politikus, staatsamptenaar, staatsekretaris van die Oranje-Vrystaa
Foto: Wikipedia

Groot Trek

Die Groot Trek het van 1835 tot 1838 uit die oosgrensdistrikte van die destydse Kaapkolonie beg

Piet het Dingaan in November 1837 ontmoet en 'n verdrag onderteken wat grondgebied aan die V

In Desember daardie jaar het Andries Pretorius se kommando laergetrek in dié omgewing en ‘n pa

Piet Retief se oorblyfsels is op 21 Desember 1838 uitgeken aan stukkies van sy satyn onderbaadji

Volgens Denise Woods is vrymesselary se hoofsimbole op dié waterfles uitgekerf: die kompas, tek

Schalk Willem Burger, Burgerlike leier, advokaat en politikus, was die waarnemende president van die
Skets: Ria Erasmus



Sir Johannes Henricus Brand, bekend as Jan Brand, was die vierde staatspresident van die O
Foto: Wikipedia

Monument

Denise Woods se boek, ‘Oes die stormwind van volksgodsdiens’, het in 2006 verskyn. Daarin sê sy dat die feesvieringe ter herdenking van die eeufees van die Groot Trek in 1938 en die inhuldiging van die Voortrekkermonument in 1949 vrymesselaar-eienskappe bevat het.

Haar voorbeelde strek van die fondamentsteenlegging, die fakkelmarathon, die geloftes wat langs die ossewaroetes afgelê is en die lamp wat met die son se strale aangesteek is.

Denise verwys ook na vrymesselaar-simbole en -elemente in die monument se ontwerp en op die reliëfpanele, soos die altaar, die sonstraal, die vloerpatroon, die moeder-en-kind-uitbeelding en die goewerneur se handsimbool.

Dr Alta Steenkamp, senior argitektuur-lektor aan die Universiteit van Kaapstad, sê dat die Voortrekkermonument toevallig soos 'n vrymesselaars-tempel lyk omdat mildelik geleen is by ontwerp-idees van die Duitse Leipzig-monument.



Marthinus Wessel Pretorius was die eerste ZAR-president
Foto: Nation States

Argitek

Argitek Gerhard Moerdyk is in 1936 as boumeester van die Voortrekkermonument aangestel, maar dit blyk dat die komitee vir hom gesê het dat die monument soos die een by Leipzig moet lyk.

Alta sê dat hulle nie van die vrymesselaarsmotiewe bewus kon wees nie, omdat die vrymesselaars-tempel in die kelder van die Leipzig-monument eers ná die Tweede Wêreldoorlog gevind is.

Gerhard Moerdyk het in 'Die Vaderland' van 1936 in 'n verduideliking oor hoe die monument moet lyk, gesê dat die Voortrekkers geen argitektoniese erfenis nagelaat het nie. Hy het gesê 'n mens moet eerder 'n verwysing in die Bybel vind, want dit is wat die Voortrekkers sou doen.

Hy het na die Bybelse Abraham verwys en gesê daar moet 'n altaar gebou word om die Voortrekkers se opofferings te huldig, soos wat Abraham gedoen het. Hy het ook gesê dat daar baie sulke heiligdomme wêreldwyd is – die Mausoleum van Halicarnassus, die Altaar van Zeus, die Taj Mahal in Indië, die Dôme des Invalides in Parys, die Leipzig-monument en die Shrine of Remembrance in Melbourne.

CJ Langenhoven en sy vrou by die kerk in Oudtshoorn op die huweliksdag van hulle dogter, E

Foto: Wikipedia

Kommandant-generaal Louis Botha
Foto: Wikipedia
.

.

Pieter Arnoldus (Piet) Cronjé, ZAR generaal
Foto: Vertroue in God en die Mauser
.

.

Terug

'n Honderd jaar voor Gerhard Moerdyk dié verduideliking gegee het, was die Groot Trek in volle swang en daar was spanning tussen Engelse en Nederlandse Vrymesselaar-losies in die Kaapkolonie.

Die spanning het in die 1840's toegeneem, veral nadat sir Christoffel Brand, vader van die latere Vrystaatse president, Jan Brand, grootmeester van al die Nederlandse losies in Suider-Afrika geword het (1847 tot 1874).

In dié tyd het die Nederlandse losies na Willowmore, Richmond, Paarl, Somerset-Oos, Adelaide en Malmesbury uitgebrei.

Jan Brand is op 5 April 1865 tot president van die Oranje-Vrystaat verkies en talle losies is geopen, waarvan dié in Bloemfontein, Philippolis, Winburg, Jagersfontein, Smithfield en Ficksburg onder die eerstes was.

Losies is ook in die ZAR, waar vrymesselaar Marthinus Wessel Pretorius president was, gevestig. Die eerste een, Flaming Star of Africa, is op 22 Mei 1865 in Potchefstroom gestig. Die Skotse en Britse losies het gesê dat nuwe Nederlandse losies glo onwettig gestig is.

Met die vorming van onafhanklike provinsiale losies in die ZAR, Oranje-Vrystaat en Natal, het ’n behoefte ontstaan dat meer streek-grootlosies gevorm moet word en dat Suider-Afrika sy eie verenigde grootlosie, onafhanklik van Engeland, moes hê. Dié beginsel is glo deur die Engelse losies as ongewens verklaar.

Petrus Jacobus (Piet) Joubert was kommandant-generaal van die ZAR van 1880 tot 1900
Foto: Wikipedia

.

‘n Beeld van Piet Retief by die Voortrekkermonument
Foto: Wikipedia

.

.

Benjamin Johannes (Ben) Viljoen was ‘n Boeregeneraal
Foto: EL Jackson, St Helena: The Historic Island, Ward, Lock & Co, London, 1903
.

Goudstormloop

Vrymesselaars mag glo nie politiek in hulle losies bespreek nie, maar die ontdekking van diamante en goud en die Engelse imperialiste se pogings om die twee Boere-republieke, die ZAR en die Oranje-Vrystaat, van hulle vryheid te beroof, moes sekerlik spanning tussen Nederlandse en Engelse losies veroorsaak het.

Die Britse regering het die gebied rondom Kimberley (Griekwaland-Wes) in 1870 geannekseer. Op
28 Junie 1872 is ’n Engelse losie, die Cosmopolitan, in Kimberley geopen.

Volgende op die anneksasie-lys was die ZAR. Shepstone het op 22 Januarie 1877 met 25 berede polisiemanne en agt amptenare in Pretoria aangekom om “sekere griewe met president Francois Burgers te bespreek”. Die ware doel was egter anneksasie.

In die begin van 1879 was daar drie Nederlandse losies in die ZAR: Aurora in Pretoria, Flaming Star in Potchefstroom en Oranje in Rustenburg. Daar was een Engelse losie, die Transvaal, wat in 1878 in Pretoria gestig is.

Die ZAR-volksraad het in Desember 1880 vergader, krygswet is afgekondig en die eerste skote van die Eerste Vryheidsoorlog is afgevuur. Die Boeremagte het die Engelse op 27 Februarie 1881 by Amajuba verslaan en die ZAR het sy onafhanklikheid teruggekry.

Ná dié oorlog was daar ‘n depressie van 1882 tot 1886 en honderde vrymesselaars was verplig om te bedank en tientalle vrymesselaarslosies het gesluit.

Piet Retief
Bron: SA History
.
.
.

Kommandant-generaal Stephanus Schoeman, bekend as ‘Stormvogel den Noorden’, was waa
6 Desember 1860 tot 17 April 1862
Foto: Wikipedia

Rhodes

In 1890 het ’n invloedryke vrymesselaar, Cecil John Rhodes, die premier van die Kaapse parlement geword. Hy het die steun van JH Hofmeyr, wat toe die meester van die Nederlandse losies in die Kaap was, se Afrikanerbond politieke party gehad.

Vrymesselary in Suid-Afrika het in 1890 sy eerste joernaal gekry, die ‘SA Freemason’. Die redakteur,

W Darley-Hartley, was ’n mediese dokter van Oos-Londen en ’n Rhodes-ondersteuner, en het met sy joernaal gepoog om al die losies in Suid-Afrika onder een verenigde losie te kry en onafhanklik van die vrymesselary in Engeland te maak. Hy wou Rhodes die grootmeester hiervan maak.

Dié idee is by ’n konvensie op 18 Oktober 1892 in Kimberley bespreek waar 227 losies vir ’n verenigde losie gestem het, 241 was daarteen en 25 losies het buite stemming gebly. Die Nederlandse losies, onder hoofsegsman ds DP Faure, was by die Kimberley-konferensie teen dié gedagte gekant.

Intussen is twee nuwe Nederlandse losies in die ZAR gevestig, die Libertas in Krugersdorp en De Broederbond in Pretoria. In 1892 was die ledetal van die Nederlandse losies 587.

Drie nuwe Engelse losies is in Mei 1889 in die ZAR gestig: die Johannesburg in Johannesburg; die Royal Albert in Klerksdorp en die El Dorado op die myndorpie Malmani. Die Skotse losies het gevolg en die Golden Thistle is in November in Johannesburg gestig.

In 1893 het Londen toestemming gegee om nog Engelse losies in die ZAR te vestig: Die Gold Field in Johannesburg; asook die Boksburg-, Jeppestown-, Germiston- en Zoutpansberg-losies.

Intussen het een van die grootste opstekers vir Rhodes se Jameson-inval, JE Green, in Londen aansoek gedoen om ’n streek-grootmeester vir die ZAR verkies te kry. Londen het ingestem, en George Richards is verkies.



Foto: Wikipedia

Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan) was by ‘De Zuid-Afrikaan’, ‘Ons Land’ en die ‘Zuid

Foto: Wikipedia Robberts (Blackie) Swart, die eerste staatspresident van die Republiek van Suid-Afrik

srand